**SAWA WATERBERG**

**Inligtingsbrief Mei 2009**

Ons het 'n 'treffer' saamtrek by Emmarentia Geldenhuys gehou vanaf 17 – 18 April 2009. Ons was 17 woonwaens, 15 Waterbergers en 2 ander Streke, saam. Hennie en Cora Alberts saam met Hennie en Paula Booyse het almal welkom geheet en gesorg het dat ons reelings vlot verloop het – baie dankie julle vir julle harde werk dit word waardeur. Ons 'kuier en gees' was weereens besonders met die Vrydag aand se 'hamburgers' baie smaaklik !!! Die saamsing om die kampvuur Vrydag aand, met musiek deur Johan de Lange, was baie prêt en Waterberg kan dit sterk oorweeg om 'n 'CD' te sny !! Saterdag oggend was dit saam 'brunch' en toe het Eryna Gerber haar 'marktafel' oopgemaak – dankie Eryna vir die inisiatief. Saterdag aand se 'braai' was net so aangenaam en weer het die 'kampvuur' gesorg vir lekker saamsing. Sondag oggend se Erediens in die Kapel was waargeneem deur Ds. Japie van Deventer. Daarna was dit 'tee en koekies' en toe lekker saam 'hoender pootjie'.

Die saamtrek program was versier met 'n paaseier en pienk lint; dankie aan Cora en Lettie (Ueckermann) vir die moeite wat hulle doen om ons saamtrek program aantreklik te maak.

Willem en Maria Nordeje (Gebied Jakaranda Voorsitter) het kom kuier; baie dankie vir die moeite wat hulle gedoen het. Ons vertrou dat hulle saam met ons die saamtrek geniet het. Terloops, Maria het vir ons 'Roly-Poly' nagereg gemaak Sondag middag – sy kan dit weer kom doen!!!

Ons wil graag die volgende inligting aan julle deurgee;

1. **Lief**

   Schalk Vorster kry 'n '**Naledi Toekenning'** vir sy werk 'For Your Ears Only' vir die beste klank produksie 2008. Hy het kompeteer teen 'Beauty and the Beast', 'The King and I' en 'Ons vir Jou'. Mooi so Schalk ons is trots op jou !!!

   Du Preez en Lettie Nel het kom saamtrek. Ons is baie bly dat hulle saam met ons was; Lettie, sterkte vir jou.

   Corneels en Olive spog met hulle nuwe Murano 4 x 4; baie dankie vir die 'Sherry' en mag julle mooi en veilige kilometers ry.

   Hennie en Cora Alberts kom toe ook aan met hulle nuwe voertuig, 'n Isuzu 'Frontier'. Weer was dit 'Sherry' Saterdag aand – dit was net te lekker !!!!

   Hennie en Cora Alberts se kleindogter, Jeané Alberts, is deel van die 'Dolce Chics' sanggroep; hulle teken toe 'n 5 jaar kontrak met 'n plate maatskappy en tree nou 'profesioneel' op by Aardklop ens. – baie geluk julle !!!!

2. **Leed**

   Geen

## 3. Bewegings van Lede

Willem en Eryna Gerber saam met Mel en Lettie Ueckermann woon die “Presidente” by Potch Dam by. Hulle was toe ook deel van die ‘Senior Burgers Mini Toer’ wat die geleentheid bygewoon het. (Vir Mel en Lettie se verslag oor die ‘Presidente’ kyk na www.sawa.org.za.)

Pieter en Helene Snyman kuier by die Suidkus – geniet dit julle !!!

## 4. SAWA Waterberg Algemene Jaar Vergadering

Ons AJV vind plaas op 1 Augustus 2009 by Tempel. Ons vra asseblief dat alle ‘Waterbergers’ hierdie jaar die saamtrek/vergadering sal bywoon aangesien daar ‘n nuwe Bestuur verkies moet word.

Ons neem kennis van die volgende,

- **Carinus Boshoff sal nie weer as Voorsitter verkiesbaar wees nie.**
- **Felitia Boshoff sal dan ook nie meer as Redakteur beskikbaar wees nie.**
- **Hennie Alberts sal ook nie beskikbaar wees as ‘Kampkoördineerder’ nie.**
- **Cora Alberts sal ook nie beskikbaar wees om Seketaris nie.**

Ons sal hierdie bestuurslede later bedank vir hulle harde werk deur die jare

Lede sal dus sien dat ons Bestuur span gaan verander. Ons vra dan nominasies vir

Voorsitter
Ondervoorsitter
Penningmeester
Sekertaris
Redakteur
Addisionele Lid
Addisionele Lid

Volgens die ‘Grondwet’ en ‘Aanbevelings en Riglyne’ van SAWA is daar duidelike prosedures wat gevolg moet word om nuwe bestuurslede te kies. Dit begin by die ‘nominasie’ van ‘n lid vir ‘n pos. Die aangehegte vorm moet volledig voltooi word en **geteken word** voor 20 Julie 2009 en dan in ‘n koevert by Cora Alberts besorg word.

Daarna sal die lys van nomineerdes gesirkuleer word en op 1 Augustus 2009 tydens die AJV sal daar gestem word.

Ons vra dat elke lid sal mooi besin oor wie hulle wil nomineer sodat ons Waterberg op die huidige hoë vlak van bestuur kan laat funksioneer.

5. **Saamtrek Marula  2009**

Neem kennis dat ons volgende saamtrek is by **Marula vanaf 15 - 17 Mei 2009;** let wel dat hierdie saamtrek met een week vervroeg is weens lede se betrokkenheid met Pinkster. Bevestig asseblief of jy gaan kom kuier by Mel, Johan of Cora.

6. **SAWA 40ste Verjaarsdag**

Lede het met verskeie voorstelle gekom om SAWA se 40ste verjaarsdag te vier. Onthou, ons moet twee saamtrekke laat 'fokus' op hierdie verjaarsdag. Ons sal by die volgende saamtrek die besonderhede van hoe ons hierdie 'fokus' gaan uitleef bekend maak.

Ons wil ook lede nou in kennis stel dat by die AJV (Augustus) en Afsluiting (November) sal daar 40ste Verjaarsdag Plaatjies uitgedeel word; die plaatjies is besonders en is die moeitewerd om te bekom deur die saamtrekke by te woon.

**MEL UECKERMANN**
**23 Mei 2009**